NUUSBRIEF NOVEMBER 86

JA, DIT IS WEER NUUSBRIEF TYD. DIT IS NOVEMBER, MARION IS PRAGTIG EN FLOREER IN ALLE ASPEKTE. ALHOEWEL ONS NOU IN DIE REEN SEISOEN IS, HET ONS ALREEDS N PAAR PRAGTIGE SONSKYN DAE GEHAD,MET TEMPERATURE TOT 16 GRADE CELSIUS. SONSKYN DAE SOOS HIERDIE IS N WEELDE ARTIKEL OP MARION EILAND, NET JAMMER DIT GEBEUR SO SELDE.

ARCHIE,MARIAAN EN MARITA HET VAN HUL DAAGLIKSE ROETINE WEGGEBREEK EN DIE EILAND GAAN VERKEN. OP HIERDIE UITSTAPPIE HET DIE TWEE DAMES DAN OOK BEHOORLIK KENNIS GEMAAK MET MARION SE ALOMBEKENDE MIRES . MARIAAN HET OOK AL VIR HAAR N STUKKIE CATWALK GEKOOP, EN AS BEWYS DAARVAN VEWYS SY NA DIE ROWE AAN HAAR HANDE. DIE BROOD-BAK SESSIES HET AANGEBREEK EN GLO MY, DIT HET IN N HEEL SPESIALE OKASIE VERANDER. JOHAN KRUGER HET SELFS FOTOS GENEEN VAN SY BRODE , ALHOEWEL DIT VIR MY MEER NA UITGEGROEIDE KOEKSUSTERS GELYK HET. MAAR NOU JA, BROOD IS BROOD.

IETS I.V.M. ONS GEVEERDE VRIENDE OP DIE EILAND. MEESTE VAN DIE GIANT PETREL EIERS IS AL UITGEBROEI. DIE KUIKENS IS PRAGTIG MAAR BAIE AGGRESSIEF. DIE EERSTE SKUA KUIKENS HET OOK REEDS LIG AANSKOU,EN HIEROOR IS DIE OUERS VAN DIE NUWELINGE BAIE AGGRESSIEF TEENOOR ENIGE INDRINGER WAT DIT TE NA AAN DIE NES WAAG. VAL JOU SOMMER AAN AS JY TE NA AAN DIE NES KOM. HONDERDE ROCK-HOPPER PIKKEWYNE HET HUL INTREK OM EN ONDER DIE BASIS GENEEM. ELKE PIKKEWYN PAARTJIE HET VIR HUL N STUKKIE GEBIED AFGEBAKEN MET DIE OOG OP DIE BROEI SEISOEN, EN BEWAAR ENIGE ANDER PIKKEWYN WAT DIT BINNE SY GEBIED DURF WAAG, HUL GESKREE EN GESKELLERY IS DAG EN NAG HOORBAAR. ONS NOEM HULLE DIE HIPPIES VAN DIE EILAND, WEENS HUL LANGKUIWE WAT TOT TEEN HUL NEKKE HANG. KILDALKEY BAAI IS OORTREK VAN DIE PIKKEWYNE, VOLGENS NEIL IS DAAR ONGEVEER 500 000 IN TOTAAL.EK MOET SE, DIT RUIK NOGAL AARDIG HIERNE SO N GROOT PIKKEWYN KOLONIE.

DIT WAS DAN OOK N UITSTEKENDE MAAND VIR ONGEWONE VOELSOORTE WAT ONS EILAND BESOEK HET. OP DIE TWEEDE IS N BAIE SKAARS WIT PIKKEWYN OP MACCARONIE BAAI AANGETREF, WAT DAN OOK LATER DEUR STEVE HUNTER AS N ALBINO VERKLAAR IS. DIE SESDE NOVEMBER HET TWEE GREENSHACKS OPGELEWER. HIERDIE VOELTJIES BROEI IN NOORDE-LIKKE EUROPA EN RUSLAND, OORWINTER IN SUID- ASIE EN AUSTRALIE. OP DIE NEGENTIENDE HET NEIL TROTS AANGEKONDIG DAT DAAR N PECTORAL SANDPIPER OP SEALERS BAY AANGEKOM HET.VOLGENS SY INLIGTING BROEI HIERDIE VOELS AAN DIE TUNDRA EN NOORD OOS RUSLAND, OORWINTER IN SUID AMERIKA.

N VERDERE SNAAKSE VOELTJIE IS DEUR QUINTON AANGEKONDIG. HY BEWEER DAT ALHOEWEL HY VER VAN DIE VOELTJIE AF WAS, HET DIT VIR HOM NA N MOSSIE GELYK. HIERDIE AANKONDEGING VAN HOM HET DAN OOK OP N DEBAT UITGELOOP, VANWEE DIE VOELKUNDIGES SE TWYFEL AAN SY ONTDEKKING. MAAR, QUINTON SWEER HOOG EN LAAG DAT DIT N MOSSIE WAS.AL HIERDIE SNAAKSE GEBEURE HOU ONS VOELKUNDIGES OP HUL TONE MET DIE OOG OP MEER SULKE ONTDEKKINGS.

HIERDIE EILAND LEWE VAN DIE INTERESANTHEDE. DIE OLIFANT ROB KOEIE HET KLAAR GEBOORTES GESKENK AAN DIE NUWE NAGESLAG EN HET OOK REEDS TERUG VERTREK SEE TOE. N KLEIN OLIFANT ROB WELPIE WEEG MET GEBOORTE ONGEVEER VYF EN DERTIG KILOGRAM. NA TWEE EN TWINTIG DAE IS DIE OUTJIE GESPEEN EN WEEG DAN SOWAT HONDERD KILOGRAM. SELFS OP HIERDIE OUDERDOM IS DIE JONGSPAN AL BAIE ASTRANT, WYS NET TANDE AS JY NABY KOM.ORALS TEEN DIE STRANDE LE DIE JONGSPAN EN ANDER OLIFANT ROBBE BESIG MET HUL JAARLIKSE VERHARINGS PROSES.

HIERDIE TYD VAN DIE JAAR HET DIE MEESTE VAN DIE STRANDE VIR ONS TE GEVAARLIK GEWORD OM OP TE LOOP, DEURDAT DIE PELSROBBE HUL INTREK DAAROP GENEEM HET.DIE PELSROB WANNETJIES HET VIR HUL ELKEEN N KONINGKRYK AFGEBAKEN EN PAS DIT MET LEWE EN DOOD OP. N PELSROB KAN NOGAL HEEL ASTRANT RAAK AS JY SY GEBIED OORTREE. KAN NOGAL N HEEL LEKKER TYDVERDRYF WEES OM N GEVEG TUSSEN TWEE PELSROBBE DOP TE HOU.

MET DIE DAT KERSFEES EN DIE NUWEJAARS FEESTYD OM DIE DRAAI LE, HET ONS BESLUIT OP N REEKS VERMAAKLIKHEDE VIR DIE TYDPERK. DAAR IS BESLUIT OP N TAFELTENNIS, SNOOKER EN VEERPYLTJIE KOMPETISIE. DAAR IS SELFS N BEKER (TUISGEMAAK) VIR DIE WENNERS, DIE DAT DIE MANNE (EN VROUE) DAG EN NAG AAN DIE GEFEN IS.DR.MARTHAN BESTER PRAAT SELFS VAN N STRAAT KOEKVERKOPING, BUITELIG FILM VERTONING EN N BRAAI OP DIE STRAND. SO, DIT LYK DUS OF ONS N HEEL INTERESANTE KERSFEES GAANNE.

DIT IS DAN AL NUUS EN GEBEURE VIR NOVEMBER MAAND. EK SLUIT DIE NUUSBRIEF AF MET DIE VOLGENDE BOODSKAP: VANAF ONS ALMAL HIER OP MARION EILAND, AAN ALLE VRIENDE,FAMILIE EN DIERBARES TUIS, ONS WENS U N GESEENDE KERSFEES EN VOORSPOEDIGE NUWE JAAR TOE.

WEER DATA

SONSKYN		139,5 URE
DRUK	MAX.	1023,1 MB
	GEM.	1007,0 MB
	MIN.	927,8 MB
TEMP.	GEM.	6,4 GRADE C
	MAX.	16,5 GRADE C
	MIN.	-1,2 GRADE C
VOG	GEM.	85 PERSENT
REENVAL		136,5 MM

NUUSBRIEF:- J. HUYSER
WEER DATA:- A. VAN ZYL